

**Publication:** Landbouweekblad - Inside
**Title:** Bedryf hou asem op oor mieliegradering-regulasies
**Publish date:** 07 Mar 2024
**Page:** 5

**Reach:** 11761
**AVE:** R 14263.13
**Author:** Staff Reporter

# Bedryf hou asem op oor mieliegradering-regulasies

Graan SA hoop dat nuwe en deursigtiger regulasies vir mieliegradering afgekondig sal word vóór die begin van die nuwe bemarkingsjaar in Mei. Dié regulasies moes in 2021 teruggetrek word nadat die meulenaarsbedryf daarteen vasgeskop het. Dit het veroorsaak dat die proses van voor af moes begin en die staat op grond van belanghebbendes se kommentaar en voorleggings 'n besluit sou neem. Dr. Dirk Strydom, Graan SA se hoof van bemarking, Nampo en navorsingskoördinering, het op 'n Graan SA-streeksvergadering op Ladybrand gesê voorleggings gegrond op wetenskaplike bewyse is aan die staat gedoen, waarna die graderingsveranderings goedgekeur en deurgestuur is na die Wêreldhandelsorganisasie (WHO). Die staat wag nou op terugvoer van die WHO, waarna dit verwerk sal word en die regulasies deur Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, goedgekeur sal word. "Ons oefen druk uit dat die nuwe regulasies voor die nuwe bemarkingseisoen kan deurgaan," het Stydom gesê.


www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.